23 September 2020

NG Gemeente Stellastraat

B L I T S N U U S

Uit liefde en respek

Ons moenie nou kop verloor nie! Anders as baie plekke in die wêreld wil dit voorkom of in Suid-Afrika dit afdraend gaan met die covid-19 infeksies. Ons is verlig en dankbaar en dit is duidelik dat sosiale angstigheid aan't kwyn is.

Maar die dief in die nag het nie verdwyn nie! Daarom moet ons mekaar aanmoedig om versigtig te lewe. Omdat ons vir mekaar omgee behoort ons die ongemaklike maskertjies te dra en sanitasievoorskrifte getrou te volg. By Stellastraat kan ons nie anders as om met die grootste waardering en respek vir almal wat hier kom, die voorkomende maatreëls te handhaaf nie.

Oktober kom die reën en meer lewe by die kerk

Vanaf 4 Oktober gaan ons die gereelde eredienste in Stellastraat hervat. Hoewel ons waarskynlik steeds sal moet laat weet, en die gesondheidsregulasie sal moet volg, kan heelwat meer mense vanaf 4 Oktober kerk toe kom. Ons sal aanstaande week al die inligting hê en beskikbaar stel. Die gewone Adoramusdienste gaan eers op 8 November hervat word.

Sondag 27 September se geleenthede

Die **09:00 erediens** in die kerk, wat ook virtueel uitgesaai word op die Youtube kanaal, word deur Fay gelei. Gaan vra net na ***Stellastraat Live*** op die Youtube kanaal. Jy kan ook op dié skakel kliek - **www.youtube.com/c/stellastraatlive**

Die **Tuis-adoramus** vir Sondag is deur Anton voorberei. Die teks is Psalm 78:1-4 en die tema is *"Dit wat ek ontvang het, is vir my baie mooi".* Jy kan aan die Adoramus meedoen deur op die volgende skakel te kliek - **http://stellastraat.co.za/wp-content/uploads/Adoramus-27-September.pdf**

Kerkkantoor op 25 September gesluit

Dit is more die jaarlikse erfenisdag, 'n vakansiedag, en daarom is Stellastraat se kantoor ook op Vrydag 25 September toe. Geniet die lente!



Dankfees 18 Oktober 2020

Stellastraat se jaarlikse dankfees gaan op Sondag 18 Oktober plaasvind. Ons moes die datum vorentoe skuif omdat die skoolvakansies se datums verander het. Kliek gerus op die skakels vir die besonderhede oor die dankfees:-
http://stellastraat.co.za/wp-content/uploads/Stellastraat-Dankfeesbrief-2020.pdf
http://stellastraat.co.za/wp-content/uploads/Stellastraat-Dankfeesbrosjure-2020.pdf

Ons dink aan

Don Walker wat 'n sensitiewe en vookomende mediese prosedure ondergaan het.
Fransie du Toit wat steeds baie siek in die Zuid - Afrikaanse Hospitaal is.
Neels Campher wat tuis herstel na talle operasies en drie weke in die hospitaal.
Cara van Tonder (graad 2) wat verdere prosedures moet ondergaan om 'n gewas te verwyder.

Orrel en klavierkonsert 10 Oktober 2020

Kom luister lekker saam na Maricus en Rolf se orrel en klavierkonsert by Stellastraat in die binnehof, Saterdag 10 Oktober om 11:00. Die kaartjies is R100 per persoon, bespreek gerus jou plek by die Kerkkantoor.

Verjaarsdae 27 Sept - 3 Okt

Baie geluk aan die volgende lidmate!

Sondag 27 September:
Danielle Arndt, Udo Böhmer, Elmar Burger, Niel Cornelius, Johan Esterhuizen, Magda Kotzé, Danélle Kunzmann, John Niehaus, Gerard Potgieter, Marle van Wyk, Lida Vos.
Maandag 28 September:
Juliette Grosskopf, Piet Janse van Rensburg, Bernard Jansen, Gideon Joubert, Carina Markgraaff, Antoinette Meyer, Gideon Oosthuizen, Christoff van Huyssteen, Dianne Wolhuter.
Dinsdag 29 September:
Anna Potgieter, Laïni Pretorius, Elsa te Groen, Hendri van Dyk.
Woensdag 30 September:
Johan Basson, Nicolene de Klerk, Colleen Klopper, Liana le Roux, Ross Mcgregor, Christa Olivier, Hennie Terreblanché.
Donderdag 1 Oktober:
Meghan Basson, Frieda Bezuidenhout, Inge Gould, Rhoda Henning, Jacqe Jansen van Vuuren, Edith Mears, Annette Niemand, Gideon Pont, Corlé Swanepoel, Chris van Zyl.
Vrydag 2 Oktober:
Laurika Botha, Willem Grobler, Anngilique Hechter, Johannes Jacobs, Eddie le Roux, Bellavie Myburgh, FJ Nel, Jolandi Nel, Hanna Pienaar, Melinda Pistorius, Gustav Rohde, Johan van Gass, Metz van Wyk, Tessa Vermaak.
Saterdag 3 Oktober:
Lea Basson, Kara Breed, Eden le Roux.

Meegevoel

Gedenkdiens vir Hanna Joubert
Die gedenkdiens vir klein Hanna Joubert (18 maande) vind vandag plaas. Ons harte gaan uit na Danie en Izaan en hulle familie.

Kursus om as spirituele begeleier opgelei te word

Die kursus word in 7 blokke van 3 dae aangebied oor 'n tydperk van 15 maande. Die klem lê op ervaring en inoefening. Meestal by Stellastraatgemeente van die NG Kerk in Brooklyn, Pretoria, en gedeeltelik by Origins retreatsentrum naby Krugersdorp. Dit val onder toesig van die NG Ring van Suidoos-Pretoria en is ook met Excelsus van die NG Kerk gekoppel. Predikante kan 150 VBO-punte verdien. Daar is sewe aanbieders betrokke. Volgende jaar se kursus sal die twaalfde een wees. Aansoeke sluit 30 September 2020 en die kursus begin op 22 Februarie 2021. Volledige inligting te kry by sentrumvirspiritualiteit/aktiwiteite/kursusse/kursus in spirituele begeleiding. Navrae by Willem Nicol, wnicol@mweb.co.za of 083 966 7831.